

KENNISGEWING 107 VAN 2019**RAMOTSHERE MOILOA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR DIE SLUITING VAN PUBLIEKE PLEKKE, HERSONERING EN
KONSOLIDASIE IN TERME VAN ARTIKELS 79, 66 EN 77 VAN DIE RAMOSTEHRE MOILOA RUIMTELIKE
BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKBESTUUR BYWET, 2017 EN SKRIFTELIKE TOESTEMMING IN TERME
VAN KLOUSULE 21.2(a) VAN DIE RAMOTSHERE MOILOA GRONDGEBRUIKSKEMA, 2017**

Ek/ons, Willem Georg Groenewald en/of Antonie Philippus Oosthuizen van Landmark Planning BK, synde die gemagtigde agent van die eiendomme hieronder genoem gee kennis van:

- (i) Die Sluiting van Publieke Plekke (Strate) in terme van Artikel 79 van die Ramotshere Moilola Ruimtelike Beplanning en Grongebruikbestuur Bywet, 2017, van toepassing op gedeeltes van Water-, Rots en Lynstrate, Zeerust;
- (ii) Die Wysiging van die Ramotshere Moilola Grondgebruikskema, 2017 in terme van Artikel 66 van die Ramotshere Moilola Ruimtelike Beplanning en Grongebruikbestuur Bywet, 2017 deur die hersonering van gedeeltes van Water-, Rots- en Lynstrate vanaf "Publieke Pad" en Erwe 870, 871, 872, 873, 874, 875, 894, 895 en 896, Zeerust vanaf "Residensieël 1" na "Besigheid 1" insluitend 'n Vervoergebruikfasiliteit (Taxistaanplek) en Hardewarewinkel, maar uitgesluit 'n Vulstasie, onderhewing aan sekere voorwaardes;
- (iii) Die Konsolidasie van bogenoemde eiendomme in terme van Artikel 77 van die Ramotshere Moilola Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur Bywet, 2017, as een gekonsolideerde eiedom; en
- (iv) Die Skriftelike Toestemming van die Ramotshere Moilola Plaaslike Munisipaliteit, in terme van Klousule 21.2(a) van die Ramotshere Moilola Grondgebruikskema, 2017 vir die verslapping van parkeervereistes en om parkering op 'n alternatiewe terrein te voorsien.

Die eiendomme is geleë op die suid-westelike hoek van die kruising van die N4-snelweg en Klipstraatverlenging en wes van Wolfaardstraat, Zeerust. Die ligging van die eiendomme word duidelik aangetoon in die aansoek wat ter insae lê by die munisipaliteit. Die intensie van die aansoek is om die nodige grondgebruikregte te bekom vir die ontwikkeling van 'n winkelsentrum, insluitend 'n taxistaanplek en hardewarewinkel.

Enige beswaar(e) en/of kommentaar(e), insluitend die gronde vir die beswaar en/of kommentaar met volledige kontak besonderhede, waarsonder die Munisipaliteit nie kan korrespondeer met die persoon of liggaam wat beswaar en/of kommentaar gelewer het nie, moet skriftelik by of tot Die Munisipalebestuurder (Mnr. D.W. Makhate) Ramotshere Moilola Plaaslike Munisipaliteit, Posbus 92, Zeerust, 2865 ingedien of gerig word vanaf 20 Augustus 2019 (eerste datum van publikasie) tot 17 September 2019. Enige persoon wat nie kan skryf nie kan Mnr. Olebogeng Gasealahwe kontak/besoek by die munisipalekantore soos hieronder genoem, waar volledige besonderhede en planne (indein enige) besigtig mag word vir 'n tydperk van 28 dae van die datum van die eerste plasing van die kennisgewing in die Provinsiale Koerant, The Citizen en Beeld koerante. Die adres van Munisipale kantore: Ramotshere Moilola Plaaslike Munisipaliteit, h/v President- en Coetzeestrate, Zeerust. Sluitingsdatum vir enige besware en/of kommentaar: 17 September 2019.

Adres van applikant: Landmark Planning BK, Jeanlaan 75, Doringkloof, Centurion, Posbus 10936, Centurion, 0046, Tel: 012 667 4773, Fax: 012 667 4450, E-pos: info@land-mark.co.za. Datums waarop die kennisgewing geplaas word: 20 Augustus 2019 en 27 Augustus 2019.